# DIE VRYSTAATSE BOOM : 'N SLOTWOORD

*After it all, when the legend of trees had withered*
*And the wind's lawless fingers had ripped the leaves,*
*We came on the seventh day to the naked woods.*

*Robin Fulton.*

In my vorige artikel het ek gemeen, dat die grond waarop die Vrystaatse Boom staan, nou diep genoeg omgeploeg is en dat dit moeilik sou wees om nog nuwe argumente, daarvoor of daarteen, te vind. Die laaste artikel oor dié onderwerp het hierdie mening net bevestig en ek sal daarom nie dieselfde argumente weer opnuut herhaal nie.

Daar ek egter beskuldig word van die verwekking van rookgordyne, praat op twee vlakke, kunsmatige skeiding van geskiedkundige en heraldiese argumente, en wat dies meer sy, wil ek net nog die volgende sê :

Dit help soms om 'n probleem tot sy eenvoudigste gedaante te herlei en dan probeer om n' onomwonde antwoord te gee. As ons dié metode in hierdie geval volg, kan die hele probleem in twee vrae gestel word :

1. Indien die Franse Rewolusie nooit die boom as teken van vryheid gekies het en daaraan selfs die uitdruklike naam van „vryheidsboom" verbind het nie, sou dan in die Vrystaatse wapen ooit 'n boom gestaan het, nog wel met die woord „vryheid" uitdruklik op 'n lint daarbo?
2. Indien die Oranjeboom nie van oudsher die simbool van die Huis van Oranje was nie, en die Oranje-Vrystaat nie (direk of indirek) na daardie Huis genoem was nie, sou dan enig iemand ooit op die gedagte gekom het om die boom as 'n Oranje-boom (noem dit desnoods 'n lemoenboom) te beskou?

Hierdie vrae is glashelder en hulle kan op enige vlak eenders beantwoord word, om't ewe of dit deur 'n historikus of 'n heraldikus gebeur. Vir my is dié saak hiermee afgesluit.

C. Pama.